

Sondag 21 Maart

Skrifgedeelte: Levitikus 10

Fokusgedeelte: Levitikus 10:2

God se goeie vuur kan dodelik wees vir nalatiges

In Levitikus 9:23, 24 word die magtige teenwoordigheid van die Here sigbaar voor die hele volk in die vorm van vuur op die brandofferaltaar. Dit was die nasionale en openbare ingebruikneming van die tabernakel en die priesterdiens. Al die voorskrifte van die Here oor die toebehore van die tabernakel (vanaf Eks. 25), die voorgeskrewe offers (Lev. 1-7) en die priesterdiens (Lev. 8 en 9) kom nou saam en tree in werking. 'n Groot geleentheid! Die Here wil in die midde van sy volk woon, maar die priesters se ontsag vir die Here moet vir die hele volk duidelik wees. Dit is geen ligtelike saak dat die God wie se liefde heilig is, in jou midde woon nie.

Die volk van die Here word geweldig geskok, want Aäron se twee seuns Nadab en Abihu word deur vuur wat van die Here af gekom het, verteer en gedood in die teenwoordigheid van die Here. Moontlik het hulle ongeoorloofde wierook vir die Here probeer brand (Eks. 30:9), of hulle was dalk aangeklam (Lev. 10:9) toe hulle hul priesterdiens moes waarneem, of hulle het dalk probeer ingaan agter die voorhangsel van die allerheiligste gedeelte van die tabernakel waar net Aäron mag ingegaan het (Lev. 16:2). Die punt van die saak is egter dat hulle ongeoorloofde vuur wat nie deur die Here beveel is nie, aan die Here aangebied het. Die Here wil in sy erediens gedien word nie na ons eie goeddunke nie, maar soos Hy duidelik beveel in sy Woord.

Mens sou kon dink dat ná die openbaring van God se nuwe bedeling van genade en waarheid in Jesus Christus (Joh. 1:17), God nie meer 'n verterende vuur sou wees nie (Eks. 33:5; Deut. 4:24; 9:3; Jes. 33:14), maar Hy is (Heb. 12:29; 10:31). Wie nou die genadige God wat met ons praat deur sy Seun, Jesus Christus (Heb. 1:1) afwys (Heb. 12:25; 10:22, 26, 27), kry self te doen met die verterende vuur waarmee Jesus gedoop is aan die kruis ter wille van ons (Luk. 12:49).

Sing: Psalm 97-1:2, 6, 7

Ds. JH Grobler (Hans) (Reddersburg/Bloemfontein Suidheuwels)